SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
**Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation**

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort Tel: (012) 808-9300
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

## Tydelike invoer/uitvoerpermit

Voltooi vorm **SAPS 520** met ’n swart pen.

Heg die volgende dokumente by jou aansoek:

- Twee afskrifte van jou identiteitsdokument
- ’n Afskrif van jou paspoort
- ’n Afskrif van jou bevoegdheidsertifikaat
- Afskrifte van jou opleidingsertifikate by POSLEC, SASSETA, of jou PFTC *Certificate of Results*
- Bewys van woonadres (nie ouer nie as 3 maande)
- ’n Afskrif van elke vuurwapenlisensie waarvoor jy ’n permit nodig het
- Uitnodiging van die plaas waar die aansoeker beplan om te gaan jag

Let Wel:

- Permitte word goedgekeur en uitgereik deur die Sentrale Vuurwapenregister in Pretoria, en nie deur die plaaslike polisiestasie nie. Doen minstens 21 werkdae voor jou vertrek aansoek vir jou permitte.
- SA Jagters beveel aan dat vuurwapeneienaars voor die tyd aansoek doen vir uitvoer/invoerpermitte en dit nie eers by die grenspos doen nie.
- Alle internasionale lughawens het grenspolisie aan diens wat met die vervoer van vuurwapens op vliegtuie kan help.
- Jagters wat met vuurwapens van Botswana na Namibië reis, moet ook ’n permit kry om die vuurwapens deur Botswana te vervoer. Gebruik die Ramathlabama-grenspos.
- Handwapens word onder geen omstandighede in Botswana of Namibië toegelaat nie.
- ’n Afsonderlike vorm moet vir elke vuurwapen voltooi word.
- Permitte vir Botswana kos ongeveer R300 (afhangende van die wisselkoers). Hierdie permitte is geldig vir 30 dae en kan nie verleng word nie.
- Tree in verbinding met Mike Botha by 002-67-393-9830 of paam@it.bw om vir permitte in Botswana aansoek te doen.